**Woensdag Brief 12 Augustus 2020**

Gegroet vanuit die pastorie

Iewers sê iemand dat die mens gou is om te vergeet en stadig is om te onthou. Dit klink soos wysheid, maar ek dink dit is ’n bolangse waarheid waarvan die wortels ’n groot lieg is. Ons maak maar of ons vergeet vir ons eie saligheid. Hoekom jouself herinner aan slegte dinge, hoekom goeie dinge vergeet? Hier in die grendeltyd kan mens gerus om die kombuistafel sit en dan vertel elkeen sy slegste ervaring en dan weer die lekkerste lekker wat elkeen kan onthou. Uiteraard met so ’n ietsie daarby om die tonge en hart los te maak.

Ek onthou deur my neus hoe dit stink by die duisende robbe by Kaap Kruis waar ek al vir ’n week of wat moes vertoef. Ek onthou die koue van die seemis wat oor die Namib aangesweef tot by die Naukluftberge want daar moes ek in heldermaan aande die wild probeer tel wat watergate toe kom. Ek onthou toe ek Stephanie die eerste keer gesien het – ’n toevalligheid wat na my hart gegaan het. En hoe sal ek ooit vergeet hoe proe die snoek met patats wat my pa só graag gebraai het vakansietye by Hermanus. En al die duisend of wat liedere van Mikis Theodorakis is ingeëts deur my ore in stereo.

Maar ek onthou al wil ek vergeet van die alleenheid by die Skedelkuspark se kopbeenhekke wat ek ook vir ’n wyle moes oppas waar elke week miskien een motor daai tyd deurgery het. Ek onthou dieper as my binneste binnekant daai episode van liefdespyn wat my opgevreet het soos ’n donkie-parasiet. En daardie strate van Pretoria toe ek daar vir ’n jaar of wat moes heen en weer ry met die baie mense wat jy nie ken nie onthou ek die reuke van nat teer en flikkerende straatligte een Kersaand toe ek stoksielalleen moes verslae skryf vir een of ander belangrike groot kokkedoor wat die land wou beskerm teen die groot aanslag.

So probeer ek nie vergeet van my ma en pa nie, van ons vakansie tye by Onrus en neffens die Sederberge. So probeer ek in elk geval vergeet van hoe ek hulle teleurgestel het in vreemde rebellie. Ek wil vergeet, regtig vergeet, van soveel dinge onnoembaar. Probeer vergeet hoe ek die Here in verdomde terme met ’n seeklip probeer raak gooi het oor die see-in Bloubergstrand in woede oor die doodloopstraat wat ek myself ingekry het.

Nee sê ek vir die filosoof – by my werk dit andersom: ek vergeet veels te stadig en onthou ver te vinnig. Dit is hoe ek gegrondves is onder die grondvlak van sigbaarheid. Ek onthou ewe veel die lag as die pyn en ek vergeet immer om te onthou dat liefde eintlik al is wat beleef

moet word. En ek onthou dan hoeveel keer ek dit vergeet het. Hoekom is dit so, probeer ek onthou, maar ek kry nie antwoord nie. Toe onthou ek my pa wat een aand om die vuurtjie gesê het dat liefde al is wat heeltyd nuut is, liefde hoef mens nooit te probeer onthou of vergeet nie. Dit word beleef, dis al. En dit is die moeite werd om te onthou om dit te onthou en te vergeet om dit te vergeet.

Mooiloop

Tot volgende week

***Ds. Jan***